



KNYSNA

TUSSEN WOUD EN WATER

Tussen Knysna se woude en waters borrel dit oor van goed om te doen. Ons het blyplekke, eetplekke en doendinge in 'n goudpan gegooi en geskud – hier is die knewels wat agtergebly het.

WOORDE EN FOTO'S **FRANÇOIS HAASBROEK**





As 'n mens deur Knysna se geskiedenis delf, besef jy dat dit eens 'n werkersdorp was. Meer as 'n eeu gelede het mense hierheen gestroom om rykdom te vind. Dié fortuinsoekers was geharde mense: houtkappers wat in die Knysnawoud gewoeker het; goudmyners wat die eerste goudveld in Suid-Afrika by Millwood ingevaar het net om te besef fortuin lê eintlik noord van die Vaalrivier; en jagters wat met swaarkalibergewere die bos gefynkam het vir ivoor.

Op die Thesen-eiland het 'n houtfabriek geraas, en seil- en stoomvragsepe het daagliks The Heads aangedurf om van die hawe na die oopsee te vaar. Fluitende treine het goedere rondkarwei – eers tussen die woud en die dorp, en later ook oor die strandmeer na George.

Vandag lyk die prentjie anders. Nadat maj. Philip Pretorius in 1919 manalleen die olifantbevolking van 130 uitgeskiet het tot by net 15, het die grootvoete so te sê uit die bos verdwyn.

Hier word nie meer vir goud gemyn nie, en houtkappers moes ander weivelde gaan soek noudat woude tot 'n bewaarde gebied verklaar is. Onkruid groei tussen die dwarslêers van die treinspoor nadat vloede 'n dekade gelede die trein tussen George en Knysna tot stilstand gedwing het. Die hawe het gesluit en op Thesen het 'n luukse woonbuurt die houtfabriek vervang.

Maar Knysna bars deesdae uit sy nate. Tussen Harkerville in die ooste, die Goukammarrivier in die weste en die Outeniquaberg in die noorde, is hier oorgenoeg trekpleisters vir toeriste.

Jy kan kom bak op 'n strand, of onder 'n blaredak in die Knysnawoud stap. Dobber rond op die strandmeer of voer 'n grootvoet 'n appel... >





Koning Edward VII-boom



Coney Glen

GAAN BOS

By **Diepwalle** is 'n boom genoem na koning Edward VII van Engeland, en meer as 700 jaar gelede was dié Outeniqua-geelhout net 'n boompie. Hier was ander ouer bome ook, maar dié een is die houtkapper se byl gespaar nadat die **Diepwalle-bosboureservaat** gestig is en 'n stokkie voor die inheemse houtbedryf gestee is.

Vandag is Diepwalle saam met Millwood deel van die groter Tuinroete- nasionale park. Buiten stap- en fietsroetes (sien bl. 35) kan jy hier in die woud piekniek kom hou by Krisjan-se-Nek, Jubilee Creek, Ysterhoutrug en Grootdraai. Toegang tot die park kos R22 p.p. (R11 vir kinders jonger as 12) en dit is oop van 7.30 vm.-5 nm.

Kontak ☎ 012 428 9111; 📍 sanparks.org.



Pledge-natuurreservaat

Hier is ook twee klein natuurreservate op die dorp. Die **Steenbok-natuurreservaat** is op die noordelike oewer van Leisure Island. Jy kan met jou hond aan sy leiband langs die soutwatermoeras kom stap of die kleiner wild wat hier voorkom, soek – van seepdijes tot skoenlappers.

Kontak ☎ 044 384 1896;

📍 steenboknaturereserve.org.za

Koste Gratis.

By die **Pledge-natuurreservaat** in Bondstraat voel jy asof jy in die woud is, al is jy in die dorp. Jy kan met verskeie staproetes verby waterstrome en lane bosliesies stap en ontsnap van die N2 se geraas.

Kontak ☎ 044 382 3712;

📍 pledgenaturereserve.org

Koste R20 p.p., R10 vir kinders.



Knysna Elephant Park

Wanneer jy deur die woude ry, misgis jy soms 'n grys kol vir een van die laaste olifante in die bos. Tog het jy die kans om grootvoete te ontmoet by die **Knysna Elephant Park** by Harkerville. Toe die park in 1994 deur Ian en Lisette Withers gestig is, het hulle net twee olifantwesies gehad – Harry en Sally. Sedertdien het talle olifante uit sirkusse en dieretuine hier 'n tuiste gevind.

Jy kan die olifante ontmoet (R275 p.p.) en hulle voer (R45 per bak kos). Die park het ook 'n restaurant en blyplek met 'n stoep wat oor die olifante se slaapplek uitkyk (vanaf R870 p.n. vir twee mense).

Kontak ☎ 044 532 7732;

📍 knysnaelephantpark.co.za

SLAAN DIE SONSAMBRELE OOP

Die Indiese Oseaan se sterk seestrome en die rotsagtige kuslyn by Knysna het al menige swemmer en vaarttuig in moeilikheid laat beland.

Soek jy 'n veilige swemstrand, is **Buffelsbaai** die plek vir jou. Soos jy die stranddorpie inry, is die Giandee-strand aan jou linkerkant, maar die hoofstrand is waar jy wil wees.

Hier is 'n groot parkeerterrein, restaurante en 'n kafee. Die strand is stapafstand van die woonwapark, en hier is veel meer om te doen as net swem.

As die wind sterk genoeg waai, gebruik valskerm-swevers die strand om te lanseer, branderplankryers pak die dieper branders aan, en jy kan selfs tussen Buffelsbaai en Brenton-on-Sea stap.

Brenton-on-Sea of die versteekte **Coney Glen** is goeie plekke vir *tan*, maar bly lief uit die water – hier's gevaarlike trekstrome. Stap by Brenton-on-Sea met 'n plankiespad af tot op die strand. Vissermanne staan en lyn natmaak terwyl hulle die opskiet-branders ontduik.

Maar jy kan kwalik 'n beter ligging kry as Coney Glen. Dié klein strand is teenaan The Heads en is omring deur woud, branders en kranse. Hier is ook 'n piekniekplek waar jy oor middagete 'n tjop op die kole kan gooi.

Behalwe vir die see kan jy ook in die strandmeer lyf natmaak. By Bollardbaai op Leisure Island kan jy kniediep in die water staan sonder dat die branders jou van jou voete af slaan.

BONUSSTRAND

Draai by Hornlee af en volg die pad vir 5 km tot by **Noetzie**, bekend vir sy kastele.

Parkeer jou motor en stap af tot by die klein strand by die mond van die Noetsierivier.



Swemgat by Jubilee
Creek-waterval

TEKKIES OF TYRES?

Knysna verwelkom stappers én fietsryers. Of jy nou vir 'n paar dae deur die Outeniquaberg wil stap of vir 'n halfuur langs die see wandel, iewers is daar 'n paadjie wat jou wink.

In die **Millwood-woud** kan jy van die Jubilee Creek-pieknieplek die staproete volg tot by 'n waterval met 'n swemgat; uit en tuis is dit ongeveer 3 km. Die **Kringe-in-die-bosroete** wat begin by Krisjan-se-Nek is omtrent drie keer langer (9 km dus), maar steeds makliker.

Die **Drupkeldersroete** is net 3,6 km lank en loop in 'n kloof af na rotspele, maar die onfiksies mag dalk hier klei trap. Daar is ook 'n roete verby Millwood se myne wat by dié bosboudorp begin.

Daar is twee roetes in die woud by Diepwalle: Die **Olifantstaperoete** is in drie dele verdeel. Kies een wat pas by jou fiksheidsvlak – 7 km, 8 km of 9 km. 'n Permit vir hierdie roetes kos R26 p.p.d. (R13 vir kinders). Die **Terblansroete** (6,5 km) wat nader aan die Gouna-bosboustasie sit, is veral gewild onder voëlykers. Permite kos R22 p.p. en R11 per kind jong as 12, by die bosboustasie.

By Harkerville kan jy gemaklik die 9,5 km lange **Perdekop-staperoete** (R26 p.p. en R13 vir kinders) in sowat 4 uur klaarmaak of net rustig op die plankiespaaie van Garden of Eden rondwandel. Toegang kos R16 p.p. en R9 vir kinders.

Harkerville is die beste plek om jou bergfiets in te span. Hier is 4 gekleurde sirkelroetes – van die 11 km lange blouroete vir die melkbaarde tot die uitdagende rooiroete (22 km). Nog 'n opsie is om **Petrus se Brand-roete** te ry wat by Diepwalle begin en 22 km later by Garden of Eden eindig.

Die **Millwood-** en **Jubilee-staperoete** kan albei op 'n bergfiets gedoen word. As jy nie vir steiltes omgee nie, kan jy die 19 km lange Homtini-sirkelroete aanpak wat by Dalene Matthee se Boom begin.

Al die bogenoemde roetes val onder Sanparke en 'n permit kos R42 p.d. (R21 vir kinders).

BONUSSTAPROETE

Wil jy eerder langs die see stap? Stap strandlangs van Buffelsbaai tot by Brenton-on-Sea. Dit is net 4,5 km met jou voete heelpad in die sand.



Buffalo Bay Horserides

NÓG MANIERE OM ROND TE RITS

As die idee van bulte uitsukkel jou miltsteek gee, kan jy ook die woude te perd invaar.

Aan Harkerville se kant van Knysna bied **Southern Comfort Horse Ranch** ritte van 1 én 2 uur aan in die woude rondom die stalle.

Koste Vanaf R300 p.p. vir 'n uur lange rit.

Kontak ☎ 044 532 7885; 📧 schranck.co.za.

Teenaan die Goukammarrivier sal jy **Buffalo Bay Horserides** langs die Riverdeck-restaurant vind. Hier is woudritte, maar hulle beplan om ook perdrutte op die strand aan te bied. Die perdeplaas teel miniatuurperde waarop kinders onder ses jaar hulle lyfies cowboy en cowgirl kan hou.

Koste R295 p.p., R120 vir kinders jonger as 6 om op die miniatuurperde te ry.

Kontak ☎ 073 251 3122;

📧 buffalobayhorserides.co.za

Bergfiets is nie die enigste tweewiel waarmee jy die bos kan verken nie. **Scoutours** laai jou en 'n skopfiets bo in Millwood se berge af. Dié menere se wiele is so breed soos 'n bakkie s'n en is spesifiek vir grondpad.

Prys R450 p.p.

Kontak ☎ 079 148 3751; 📧 scoutours.co.za

Al is jou kuite hoe sterk, het jy soms hulp nodig...

Thesen Island Holiday Livings, 'n eiendomsagentskap op die eiland, verhuur E-fiets met 'n battery vir R250 vir 'n halwe dag en R400 vir 'n voldag. Knysna het 'n siersteenpaadjie teenaan die strandmeer waarmee jy die teerpad na Belvidere of na The Heads kan uitsny.

Die **East Head Café** by The Heads is een van die gewildste restaurante in die dorp. Systap die verkeer en ry net 30 minute van die Thesen-eiland tot hier met die E-fiets.

Kontak ☎ 044 382 1414;

📧 archan@thesenliving.co.za



Thesen Island Holiday Livings



Millwood



BOBAAS UITKYKPUNTE EN AGTERPAAIE

Knysna weet hoe om 'n geheim te hou. Jy kan 'n hele dag op bosbouppaie en uitkykpunte deurbring, en steeds interessantheide miskyk. Ná 3,4 km op die pad na Brenton-on-Sea van die N2-afdraai is **Margaret se Uitkykpunt**. Dit kyk uit oor Belvidere, die strandmeer en Knysna in die verte. Net 1,1 km verder is daar nog 'n uitkykpunt oor die kuslyn tussen Brenton-on-Sea en Buffelsbaai.


Van die land af kan jy The Heads op drie maniere verken. Parkeer jou voertuig by die **East Head Café** en volg die voetpad tot by voet van die oostelike heuwel om te sien hoe onstuimig die waters deur die twee koppe kan word.

Bo-op die oostelike heuwel is 'n parkeerterrein met verskillende uitkykpunte van waar jy die dorp en The Heads van bo af kan bekijk. As jy aanhou met die voetpad, is daar nog uitkykpunte in die rigting van die oopsee van waar jy ook Coney Glen se strand kan sien.

Jy hoef nie eens uit jou voertuig te klim om die wêreld te waardeer nie. Van die **Diepwalle-bosboustasie** af loop 'n agterpad terug dorp toe. **Kom-se-pad** draai af net noord van die King Edward VII-boom en kronkel vir 20 km deur die woud en oor die Kom-se-padpas tot by die Simolagholflandgoed. Hou halfpad by die Grootdraai-piekniekplek by die Gouna-bosboustasie stil om bene te rek. Na Simola is dit net 2,5 km teerpas tot by die N2.

Die **Sewepassepad** tussen George en Knysna is 'n mooi alternatief vir diegene wat ekstra tyd op hulle hande het op pad na Knysna.

As jy nie dié pad gery het nie, kan jy steeds die laaste van die 7 passe, **Phantompas**, omry. Die pad draai noord van die N2 af aan die westekant van Witbrug, en sluit na die pas weer aan by die Rheenendalpad. Die pas is vernoem na 'n mot wat in dié woude voorkom.



Featherbed

DOBBER 'N BIETJIE

Meld met jou koelsak aan by die **Turbine Water Club** op Thesen-eiland waar Schalk Hildebrand jou per boot op die strandmeer vir 'n skemerkelkie sal uitneem.

Hy ry eers 'n draai deur die kanale van Thesen-eiland se spogbuurt. Dan systap die boot *windsurfers* en swarttobies rondom Leisure Island en vaar tot by die baken tussen die twee koppe by The Heads.

Van hier stuur Schalk die boot styf teenaan die oewer by die **Featherbed-natuurreservaat**. Die reservaat kry sy naam by matrose wat ná 'n lang vaart langs die onstuimige suidkus hier kom vasmeer het. Dit was vir die seesiek matrose soos om op 'n verebed te slaap.

Koste R250 p.p. vir 'n uur lange rit (R280 p.p. vir 'n skemerrit wat 30 minute langer is)

Kontak ☎ 072 259 7927;

✉ waterclub@turbinehotel.co.za.

Die einste **Featherbed-natuurreservaat** bied ander maniere om Knysna van die water af te verken. Die **John Benn** is 'n drywende restaurant wat daaglik vir middag- en aandete vir 90 minute op die strandmeer uitvaar (R190 p.p., kos uitgesluit).

Etes word ook bedien op die **Paddle Cruiser**, Suid-Afrika se enigste spaanaangedrewe vaartuig. Ritte kos R220 p.p., duur 90 minute en kos is nie ingesluit nie. Saans is daar wel 'n driegangbuffetete vir R500 p.p. en dit duur 2 uur.

Kies die **Heads Explorer** vir 'n geruislose rit. Dié katamaran maak net op sy seile staat en as die weer reg is, vaar hy diepsee-in. Ritte duur 90 minute en kos R375 p.p. Skemerritte is 'n uur langer en kos R730 p.p.

Waar? Featherbed se kaai is langs The Quays by die Cruise Café.

Kontak ☎ 044 382 2373; ✉ knysnafeatherbed.com

As jy die strandmeer op jou eie wil verken, kan jy 'n kano huur (teen vanaf R65 per uur) by Sanparke se kantoor op Thesen-eiland.

'n Kano is ook 'n goeie manier om jou dag op die Goukammariwiler te bestee. Kano's by Blackwaters River Lodge kos R65 vir 3 uur om te huur.



Diepwalle



Kom-se-pad

BEKYK DIE VERLEDE

Toe Robert Gray – toe die Biskop van Kaapstad – die **St. George's Anglikaanse kerk** in die middedorp in 1855 ingewy het, sou hy nie gedink het 'n nasionale pad gaan 162 jaar later teen die kerkgrond verby loop nie. Die kerk is gebou op grond wat George Rex, die dorpstigter, geskenk het.

Vir dekades is geskinder dat die einste George Rex die buite-egtelike kind van Koning George III van Engeland was, maar meer as 'n eeu ná sy dood het genetiese toetse bewys sy bloed was nie blou nie.

Jy kan die kerkgronde besoek en die grafte in die tuin bekijk. Lede van die Thesen-familie, John Rex (die seun van George Rex wat die hoeksteen van die kerk gelê het), en selfs John Benn rus onder die kerk se akkerbome.

Die jaar 1855 was bedrywig vir Robert Gray. Behalwe vir St. George's het hy ook die **Holy Trinity-kerk** ingewy by Belvidere aan die ander kant van die strandmeer. Besoekers kry 'n kaart waarop die Gebedsroete aangedui is – 'n roete tussen verskeie punte op die kerkgronde vir meditasie en gebed.

Stap ná jou besoek aan die kerk deur die historiese gedeelte van Belvidere. Parkeer by die kerk – motors word nie hier toegelaat word nie.

Die **Knysna-museum** in Koninginstraat het dalk skaafwerk nodig, maar stop hier as jy wil uitvind wie die grootmenere (en mevrou) van die dorp was. Die onderskrif op een van die geraamde foto's lui: "Robert Thornley-Jones het met Ella Thesen in die huwelik getree. 1924. Die fotograaf het 'n ekstra vinger aan sy een hand gehad."

Die museum bestaan uit vier historiese geboue op die perseel, asook die Ou Tronk by die hoek van Koninginstraat en die hoofstraat. Toegang is gratis, maar skenkings is welkom.

Naas die grootvoete het Dalene Matthee die diepste spore in die Knysna-woud getrap. Met romans soos *Kringe in 'n bos*, *Fiela se kind* en *Toorbos* het sy dié woude vir duisende lesers in die lewe geroep. Sy word gedenk met 'n monument by 'n geelhoutboom by **Krisjan-se-nekpiekniekplek**.

Die woude het 'n ryk verlede. Hoewel die Millwood-museum (asook die Mother Holly-teetuin reg langs) tydelik gesluit is, kan jy steeds net verby die hek by 'n houtkappersbegraafplaas stop. Sommige grafstene het inligtingsborde wat die roerende stories vertel van die mense wat hier lê. Ander grafte is net 'n uitstulping in die grond.

Die Diepwalle-stasie se **Forest Legends-museum** is steeds oop. Die museum vertel oor die lewe van die houtkappers, die diere wat in die woud voorkom, en daar is 'n skelet van 'n Knysna-olifant in een van die kamers. Navorsers skat dat daar nou net drie van dié olifante in die woud wegruip.



Holy Trinity-kerk

LAAT DIE PLASTIEK PRAAT

Tussen **Knysna-inkopiesentrum** en **Knysna Quays** kan jy heeldag inkopies doen, maar hier is ook minder bekende plekke...

By Leeuwenbosch Suiwel se padstal kan jy vars melk en suiwelprodukte koop. Koop vir jou koeivormige koppies, melkbekers en teelepels.

Leeuwenbosch het ook 'n restaurant wat uitkyk oor die woud in die rigting van Rhenendal.

Kontak ☎ 044 386 0116.

Loer in by **Timber Village** – 'n houtwerk-winkel in Welbedachtlaan buite die dorp. Hier kan jy R300 vir 'n kaasbord betaal, of R30 000 hoes vir 'n tafelblad. Jock McConnachie en Daniel Hennessy sal jou vinnig help, en aflewer waar jy woon.

Kontak ☎ 044 382 5649; 📧 timbervillage.co.za.

Die kwekery by die **Diepwalle-bosboustasie**, sowel as die een by die **Pledge-natuurreserveaat**, verkoop net inheemse plante.

Knysna het 'n paar lekker markte oor naweke.

Die **Vrydagaandmark** word by die sportgronde van die Montessori-skool in Welbedachtlaan gehou. 'n Musikant speel terwyl mense langs vure sit en kuier.

Elke Saterdagoggend is hier 'n **boeremark** in die skadu van 'n groot boom naby Harkerville – dié mark was glo in 17 jaar net 5 keer toe.

Waar die Vrydagmark meestal net kosstalletjies is, is hier iets van alles. Boere smous met vars produkte en vir tweedehandse boeke word jy vertrou om self die geld te laat.

Koop ook van handgemaakte houtprodukte, ruikers, plante en kuns.



Vrydagaandmark



Knysna Quays



Harkerville-boeremark



WAAR EET EK?

Bestel 'n hoenderpastei (R55) of nachos (R88) by die **Mitchell's-brouery**, maar dis nie hoekom jy hier 'n draai kom maak nie. Vir R75 p.p. neem hulle jou op 'n toer van die oudste boetiekbrouery in Suid-Afrika.

Waar? Nuwestraat 10
Kontak ☎ 044 382 4685;
 🌐 mitchellsbrewing.com

Teen middagete kom afgetrede inwoners van Knysna met eie dop by **Freshline Fisheries** aangesit, want die restaurant het nie 'n dranklisensie nie. Terwyl jy met jou voete in die sand sit, maak die kokke seekos uit die boonste rakke.
Kontak ☎ 044 382 3131;
 🌐 freshlinefisheries.co.za

'n Knysna-kuier is sinoniem met oesters. Bestel oesters vanaf R12 elk by **34 South**. Hier is ook van slaai tot sushi.
Waar? The Quays
Kontak ☎ 044 382 7331;
 🌐 34south.biz

Koop vis-en-tjips (R40) by **Sailor Sam**, dis toegedraai in waspapier wat soos 'n koerant lyk.



Waar? Hoofstraat 5
Kontak ☎ 044 382 6774

By die **Earth & Fire Restaurant** by Blackwater River Lodge kan jy op die stoep sit en uitkyk oor die grasperk van die gholflandgoed en die woud langs die Goukammarrivier terwyl jy wag vir jou pizza (R85) uit die houtoond.

Jy kan ook hier 'n piekniekmandjie vir twee kry (R280) en jou middagete langs die rivier gaan eet.
Kontak ☎ 044 383 0105;
 🌐 blackwaters.co.za

Die **Riverdeck-restaurant** teenaan die Goukammarrivier wemel van die aktiwiteite. Honde swem in die rivier terwyl kinders in kano's die rivier verken. Hier is selfs 'n spa!
Kontak ☎ 078 134 5873;
 🌐 riverdeckrestaurant.co.za

As jy moeg gestap of fietsgery het in die woud, stop by die **Diepwalle-teetuin** vir tannie Klara Stuurman se kerrievetkoek (R40), of 'n sny melkert (R20).
Kontak ☎ 044 382 9762

Gaan kuier by **The Bell** in Belvidere

vir regte kroegkos. Dit is die kleinste kroeg in Knysna, maar hulle wors en kapokaartappels (R60) staan terug vir niemand nie.
Waar? Belvidere Manor Hotel
Kontak ☎ 044 387 1055;
 🌐 belvidere.co.za

Mense kom van ver vir Sondagmiddag-buffetetes (R150) by **Totties Farm Kitchen** in Rheenen-dal. Jy kan ook in die week hier 'n draai kom maak.
Kontak ☎ 044 389 0092;
 🌐 tottiesfarmkitchen.co.za

Jy kan teenaan die wilde water van The Heads sit en 'n burger (R92) eet by **East Head Café**.
Waar? George Rex-rylaan 25
Kontak ☎ 044 384 0933;
 🌐 eastheadcafe.co.za

By **Bloo Bistro** begin die partytjie eers ná 11 nm. en dit bly láát oop. Vroegaand kan jy 'n ligte aandete geniet. Die bistro herinner aan 'n ruimtetuig én 'n sigeunerwoonwa.
Waar? Memorial Square 2
Kontak ☎ 082 923 1185

WAAR BLY EK?

Jembjo's Knysna Lodge

Verblyf in Knysna kan duur raak, en 'n backpackers soos Jembjo's is 'n bekostigbare alternatief. Dit is sentraal en jy kan stap na die waterfront en Thesen-eiland.

Koste Dubbelkamers vanaf R450 p.n. vir twee mense, tot R750 p.n. vir 'n en suite-gesins-kamer.

Waar? Koninginstraat 4

Kontak ☎ 044 382 2658;

📍 jembjosknysnalodge.co.za

Buffelsbaai-woonwapark

Die wind kan hier tier, maar sodra dit gaan lê, is hierdie een van die beste kampplekke in die kontrei. Dis op 'n kaap; dus kan jy tot teenaan die rotse kamp, en jy kan na die strand stap.

Koste Pryse wissel van R300 p.n. vir 2 mense in die wintermaande, tot R690 p.n. vir 2 mense in die Desember-skoolvakansie.

Waar? Walker-rylaan, Buffelsbaai.

Kontak ☎ 044 383 0045;

📍 buffalobay.co.za

Diepwalle-kampdekke

Slaap hier met jou tent onder 'n blaredak in die Diepwallewoud.

Elke houtdek het plek vir 'n driemantent en is toegerus met 'n braaiplek, afdakkie, kragpunte en eetplek.

Koste Vanaf R190 p.n. vir 2 mense, R76 p.p.p.n. ekstra.

Waar? Diepwalle-bosboustasie

Kontak ☎ 044 302 5606;

📍 sanparks.org

Woodbourne Resort

By die Woodbourne Resort is selfsorgchalets, en as jy in die oggend jou gordyne oopmaak, loer 'n Knysna-loerie dalk vir jou.

Koste Kamp vanaf R200 p.n. vir twee mense buite seisoen tot R500 p.n. vir twee mense in die spitsseisoen. Chalets vanaf R500 p.n. vir twee mense buite seisoen tot R1 600 p.n. vir 4 mense in spitsseisoen.

Waar George Rex-rylaan

Kontak ☎ 044 384 0316;

📍 woodbourne.co.za

Knysna Houseboats

'n Huisboot is 'n unieke manier om die Knysna-strandmeer te verken. Ná 'n vinnige inligtingssessie kan jy self jou boot bestuur.

Koste Pryse wissel tussen R1 550 p.n. vir twee mense buite seisoen tot R3 500 p.n. vir twee in spitsseisoen. 'n Minimum van twee aande moet bespreek word.

Waar By die Turbine-hotel op Thesen-eiland.

Kontak ☎ 044 382 2802;

📍 knysnahouseboats.com

Cliffhanger Cottages

Twee van Cliffhanger Cottages, Cliffhanger en Cliffedge, is gebou op die rand van 'n ravyn. 'n Derde kothuis, The Hedge, het 'n uitsig en 'n tuintjie.

Koste Pryse vanaf R730 p.n. vir twee mense.

Waar The Surfboard, Rheendalpad.

Kontak ☎ 044 388 4696;

📍 cliffhangercottages.co.za

Nieu Wherry Meadow

Hier is vier kamers, elkeen met 'n omheinde tuin. As jy vir 'n paar dae die woude rondom Millwood wil verken, kan jy jou basis hier maak.

Koste Kamers vanaf R600 p.n. vir 2 mense.

Waar? Draai van die Reenendalpad af by die Bibby's Hoek-Jubilee Creek-bordjie. Draai ná 1,2 km links by Leeuwenbosch Estate.

Die gasteplaas is aan jou regterkant ná 500 m.

Kontak ☎ 083 785 9338;

📍 nieu-wherry.co.za

Nog verblyfopsies

Gaan na 📍 visitknysna.co.za vir nog verblyfopsies of besoek die dorp se toerismeburo by die Knysna-inkopiesentrum in die Hoofstraat.

Kontak ☎ 044 382 5510



Cliffhanger Cottages



Knysna Houseboats



Woodbourne Resort